# DIE DWALING VAN DIE BEKERINGSDOOP

1.**’n Ou dwaling in ’n nuwe vorm**.
“Herdoop is verkeerd. Ons wil ons nie herdoop nie. Ons wil net naas ons verbondsdoop ’n bekeringsdoop ook hê.” Dit is die nuwe manier waarop mense hulle twee keer laat doop. Hulle oortuig hulleself daar is twee soorte dope in die Bybel: hulle noem dit die verbondsdoop en die bekeringdoop.

Dit is ’n ander manier as waarop mense hulle in die verlede weer laat oordoop het. In die verlede sou hulle openlik ontken het dat hulle eerste doop enige waarde gehad het en dit as ’n valse doop afgesweer het vir die tweede doop wat die enigste ware doop is.

Waarom die nuwe wending?

Dit gaan oor mense wat twee keer gedoop wil wees, maar binne die Gereformeerde kerke wil bly. Dit doen hulle al weet hulle baie goed dat hierdie kerke die herdoop verwerp. Dit gaan oor mense wat die geloof en geestelikheid wat pas by die weerdoop binne die Gereformeerde kerke wil indra en daarbinne wil uitleef ten spyte van die feit dat die geloofsbelydenis en geloofslewe van hierdie kerke wesenlike anders is.

Hierdie twee keer doop, maar binne die Gereformeerde kerke bly, word geregverdig en verskoon met die standpunt dat alles in die godsdiens dieselfde is behalwe die twee keer doop. Die twee keer doop word voorgehou as ’n minder belangrike saak deur mense vir wie dit ’n vaste geloofsaak is om ’n tweede keer gedoop te wees, terwyl hulle voorgee hulle is teen herdoop.

Hoe kan jy glo dat jy ’n tweede keer gedoop moet word maar teen die herdoop is? “Her” beteken tog oordoen, en oordoen kan jy net doen as jy al eenkeer gedoen het.

Hulle hou dit anders voor. Herdoop beteken oordoop sê hulle en hulle word nie oorgedoop nie. Hulle word met ’n ander doop gedoop. Nie weer gedoop nie. Hulle wil al twee dope behou: hulle eerste doop en hulle tweede doop.

Dit is die nuwe doopbeskouing in die ou dwaling van herdoop: ’n tweede keer doop is nie oordoop nie, dit is ’n ander doop.

Die nuwe manier waarop hierdie ou dwaling geglo word, is dat hulle nou beweer daar is twee soorte dope in die Bybel self: die verbondsdoop en die bekeringsdoop…

2.**Waar kry hulle die “twee dope wat nie oordoop is nie” in die Bybel?**
Hulle kry hierdie twee dope in die onderskeid wat hulle sien in die doop van Johannes en die doop van die apostels. Volgens hulle is hierdie twee dope nie dieselfde nie. Johannes het mense gedoop omdat hulle tot bekering gekom het en daarom is hulle doop ’n teken van hulle bekering, so glo hulle.

Kyk maar hoe staan dit in die Bybel! “In daardie tyd het Johannes die Doper in die woestyn van Judea begin preek [2] en gesê: “Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.… [11] Ek

doop julle wel met water omdat julle julle bekeer het, maar Hy wat ná my kom, is my meerdere, en ek is nie eers werd om sy skoene uit te trek nie. Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop." (Matt 3:1,2, en 11)

"Sien! Daar staan dit mos baie duidelik! Johannes doop hulle omdat hulle tot bekering gekom het. Dit is 'n bekeringsdoop!" wys hulle in die Bybel.

En dis nie al nie! Die eintlike groot teks is Handelinge 19 verse 1 tot 6:

" ... Daar het hy 'n groepie gelowiges gekry [2] vir wie Hy gevra het: "Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het? "Ons het nog nie eers gehoor of die Heilige Gees al gekom het nie," het hulle geantwoord. [3] Watter doop het julle dan ontvang?" vra hy toe. "Die doop van Johannes," antwoord hulle. [4] Daarop sê Paulus: "Johannes het die mense gedoop as hulle hulle bekeer het. Maar hy het vir die volk gesê dat hulle in die Een moet glo wat ná hom kom, dis is in Jesus." [5] Toe hulle dit hoor, het hulle hulle in die Naam van die Here Jesus laat doop. [6] Paulus het hulle ook die hande opgelê. Toe het die Heilige Gees op hulle gekom, en hulle het ongewone tale en klanke gebruik, en hulle het geprofeteer."

Volgens die twee-keer doop mense moet hierdie Skrifgedeelte só verstaan word: daar is twee dope naamlik, die bekeringsdoop van Johannes en die verbondsdoop.

Daarom moet 'n mens twee keer gedoop word. Die een doop wys jy is deel van die verbond van die Here en die tweede doop wys jy het tot bekering gekom. Die verbondsdoop is die doop waarmee die dissipels gedoop het en die bekeringsdoop die een waarmee Johannes gedoop het. Hier wys dit mos duidelik dat mens twee keer gedoop moet word.

Is dit só duidelik?

Ons sal later weer na hierdie teks terugkom. Maar kyk wat gebeur hier. Met watter doop is hierdie mense gedoop? Die bekeringsdoop was hulle eerste doop as jy die vers so wil lees. Hulle was mos met Johannes se doop gedoop. Johannes se doop is die bekeringsdoop. Toe kom die dissipels en leer dat dit nie genoeg is nie, beweer hulle. Wat beteken dit? Volgens die tweedoop mense moet hulle dan mos nou sê: "na die bekeringsdoop moet jy die verbondsdoop kry."

Maar die twee-keer doop mense se standpunt is presies die teenoorgestelde. Hulle sê na die verbondsdoop moet die bekeringsdoop bykom. Jy sal niemand kry wat sê dat hulle na hulle bekeringsdoop nog 'n verbondsdoop ook wil hê nie. Die tweede doop is altyd volgens hulle die bekeringsdoop.

Maar die teks wat hulle in die Bybel gebruik werk anders om as jy die teks wil lees soos hulle dit wil lees: na die bekeringsdoop kom die verbondsdoop.

Hoe nou?

Hulle Bybelteks pas nie by hulle geloof oor twee keer doop nie.

3.**Met watter doop is die Here Jesus gedoop?**
Die Here Jesus is nie gedoop toe Hy klein was nie. Daar was nog nie iets soos ŉ doop toe Jesus klein was nie. Jesus was besny as kind, nie gedoop nie. Johannes die Doper was die eerste een wat met water gedoop het, maar hyself was net besny, hy kon homself mos nie gedoop het nie. Jesus en Johannes was besny as kinders, nie gedoop nie.

Jesus is gedoop toe hy ongeveer dertig jaar oud was. Hy was net een keer gedoop. Dit was met die doop van Johannes. Volgens hierdie mense het Jesus dus net die bekeringsdoop ondergaan, nie die verbondsdoop nie. Johannes se doop is mos die bekeringsdoop, nie die verbondsdoop nie.

Maar is dit waar? Kan Jesus se doop die bekeringsdoop wees? Hulle sê "ja" want hulle sê Jesus is groot gedoop met die bekeringsdoop van Johannes en hulle wil soos Jesus gedoop wees.

Maar kan Jesus se doop ŉ bekeringsdoop wees?

Het Jesus tot bekering gekom voor Hy deur Johannes gedoop is? Dit kan nie wees nie. Dit is hoekom Johannes so heftig reageer en weier om Jesus te doop" " [13] In daardie tyd het Jesus van Galilea af na Johannes toe by die Jordaan gekom om deur hom gedoop te word. [14] Maar Johannes het dit probeer verhinder deur te sê: "Ek moet eintlik deur U gedoop word, en U kom na My toe?" Matt 3

Jesus se doop kan nie die bekeringsdoop wees nie, want Hy het nie tot bekering gekom nie. Hy het geen sonde gehad om te bely nie. Sy doop was ook nie ŉ teken dat Hy tot bekering gekom het nie.

Watter sin het dit om te sê Jesus het die bekeringsdoop ondergaan, maar Hyself het nie tot bekering gekom nie en die doop was vir Hom ook nie ŉ teken van sy eie bekering nie?

Hierdie vraag word nooit geantwoord deur die "twee-keer doop maar nie herdoop" voorstanders nie: Hoekom is Jesus dan met die bekeringsdoop van Johannes gedoop?

Was Jesus se doop dan die verbondsdoop?

Dit moet beteken dat Johannes die Doper het twee soorte dope gehad het. Die een soort het hy vir gewone sondaars gebruik. Die ander het hy spesiaal net vir Jesus gehou. Hierdie redenasie is tog absurd. Dit beteken Johannes die Doper het die bekeringsdoop gedoop maar Jesus is met die verbondsdoop gedoop. Hoe kan hulle dit uit die Bybel regverdig?

Johannes het dus Jesus met ŉ ander doop gedoop as wat sy dissipels gedoop is. Die Skrif stel dit duidelik: Jesus het na Johannes gegaan om gedoop te word met presies dieselfde doop as wat hy al die ander mense gedoop het. As Jesus met ŉ ander doop gedoop sou word as al die ander sou Johannes nooit so geprotesteer het nie.

4. **Met watter doop is die apostels gedoop?**

Die apostels is almal deur Johannes die Doper gedoop. Jesus het nooit self iemand met water gedoop nie. Die apostels is nooit deur die Here met water gedoop nie. Hulle het mekaar ook nie na die hemelvaart van Christus en die uitstorting van die Heilige Gees weer met water gedoop nie.

Dit terwyl die apostels self ander mense na die hemelvaart mense gedoop het in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Johannes het nooit mense in hierdie naam gedoop nie. Die dissipels is dus nooit in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoop nie. Hulle is net deur Johannes gedoop en hy het nie so gedoop nie.

Volgens die mense wat twee keer gedoop word, is die dissipels dus met die bekeringsdoop van Johannes gedoop, maar hulle is nooit gedoop met die verbondsdoop nie. Die verbondsdoop is volgens hulle die doop in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Die dissipels van Jesus is nooit so gedoop nie.

4. **<u>Deel Christus, die apostels en ons in dieselfde doop?</u>**

Deel ons dieselfde doop met die Here Jesus en die apostels of het ons verskillende dope? Volgens die “twee-keer doop” voorstanders is die doop wat ons mee gedoop word in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, die verbondsdoop.

Die dissipels is nooit in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoop nie. Hulle is deur Johannes gedoop wat volgens hulle die bekeringsdoop is. Vir hulle was dit volgens hierdie voorstanders dan omdat hulle tot bekering gekom het. Dit was vir hulle ŉ teken van hulle bekering. Mense wat met die verbondsdoop gedoop is, het dus ŉ ander doop as die apostels.

Jesus is ook nooit gedoop in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees nie. Hy is met die bekeringsdoop van Johannes gedoop. Maar vir Jesus was dit nie ŉ teken van sy bekering nie. Só, die mense wat ŉ bekeringsdoop kry kan ook nie regtig dieselfde doop met Jesus deel nie, want sy doop is nie regtig ŉ bekeringsdoop nie.

So eintlik is daar dan volgens die “twee-keer doop” standpunt drie soorte dope:

- die verbondsdoop in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees,
- die bekeringsdoop van Johannes die Doper wat ŉ teken is dat mense hulle bekeer het
- en dan Jesus se doop wat Johannes doop is, maar nie ŉ teken is vir Hom dat Hy tot bekering gekom het nie.

Volgens die “twee-keer doop” mense het Jesus, die apostels en ons elkeen ŉ eie en ander soortige doop. Volgens hulle is dit waaroor die doop in die Bybel gaan: die apostels, Jesus en ons kry elkeen ons eie soort doop!

Dit is wat hulle standpunt behoort te wees as hulle werklik ernstig is dat hulle “twee-keer doop” standpunt is die getuienis van die Bybel oor hoe ons gedoop moet word.

5.**<u>Hoekom is die doop in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees nie die bekeringsdoop nie, maar die verbondsdoop?</u>**

Volgens hierdie “twee-keer doop” mense behoort ons dan te aanvaar dat Jesus dan die tweede soort waterdoop in die plek van Johannes se bekeringsdoop ingestel het, naamlik die verbondsdoop in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Is dit waar?

Kom ons kyk na die tekste waarin die Here opdrag gee dat die doop in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees uitgevoer moet word.

“[18] Jesus kom toe nader en sê vir hulle: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. [19] Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en [20] leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het” Matteus 28

“[15] Hy het vir hulle gesê: “Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom. [16] Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie sal veroordeel word.” Markus 16

In Lukas gee Christus glad nie só bevel oor die nuwe wyse van die waterdoop nie. Vir Lukas is daar net een waterdoop en Christus stel niks in die plek daarvan nie: “ [4] Terwyl Hy ŉ keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle beveel: “Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het. [5] Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne ŉ paar dae met die Heilige Gees gedoop word.”

In die Johannes evangelie is daar ook net een doop. Jesus stel nie ŉ nuwe waterdoop in, in die plek van Johannes se waterdoop nie. “ [32] Verder het Johannes getuig: “Ek het duidelik die Gees soos ŉ duif uit die hemel sien kom, en Hy het Hom gebly. [33] Ek het self ook nie geweet wie Hy is nie, maar God wat my gestuur het om met water te doop, het vir my gesê: ‘ Die Een op wie jy die Gees sien kom en bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.’

Lukas en Johannes gee vir ons dieselfde getuienis: Jesus het nie ŉ ander waterdoop as Johannes kom instel en bedien nie. Johannes het met water kom doop en Jesus het met die Heilige Gees kom doop. Volgens Lukas en Johannes is daar net een doop: die doop waarmee Johannes gedoop het. Jesus het geen ander doop met water kom instel nie. Volgens hierdie evangeliste kan daar dus nie ŉ tweede waterdoop, die “verbondsdoop” wees as Johannes se doop ŉ “bekeringsdoop” sou wees nie.

Markus stel duidelik: dit is hulle wat tot geloof kom wat gedoop moet word. Is dit die verbondsdoop? Die doop van mense wat tot geloof gekom het? Het Johannes mense gedoop wat nie in die Messias geglo het nie, maar net tot bekering gekom het? En toe later moet hulle wat die bekeringsdoop gehad het weer met water gedoop word as hulle tot geloof in die Here gekom het?

As dit só is, moet daar vier dope wees:

- die verbondsdoop vir kinders wat nog nie glo nie,
- die bekeringsdoop van Johannes,
- Jesus se eie waterdoop
- en dan die doop van gelowiges wat iets anders is as Johannes se bekeringsdoop.

En Matteus? Waar staan daar in Matteus die doop in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees is die verbondsdoop? Dieselfde gebeurtenis in Markus beskryf dit as ŉ "geloofsdoop" As hierdie Matteus teks ŉ verbondsdoop is wat iets anders is as die "geloofsdoop" van Markus – dan is daar weer vier dope:

- Matteus se "verbondsdoop",
- Markus se "geloofsdoop",
- Johannes die Doper se "bekeringsdoop"
- en Jesus se doop deur Johannes wat nie ŉ bekeringsdoop was nie.

As mense aanvaar dat daar twee soorte dope in die Bybel is: ŉ "verbondsdoop" en ŉ "bekeringsdoop", dan is daar geen Skrifgetuienis vir die verbondsdoop nie.

Al die getuienis van die Skrif wys dan net na een doop: "die bekeringsdoop" en hierdie bekeringsdoop is die doop van Matteus in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees of anders daar is dan tenminste vier soorte waterdope in die Bybel.

Dit is nie toevallig dat toe een van die geleerdes gekonfronteer is dat die twee keer doop standpunt eintlik ŉ baie keer doop standpunt word binne in die Bybel, ligsinnig opgemerk is dat as mense hulle baie keer wild oop dan kan hulle maar hul self baie keer laat doop.

As ŉ mens twee soorte dope in die Bybel wil inlees, dan word dit ŉ baie soorte doop oortuiging.

## 6. <u>ŉ Bekeringsdoop nie in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees is nie.</u>

Waar staan die "twee-keer doop maar nie oordoop" mense met die Skrif? Dit is die absurde van hulle standpunt.

Volgens die "twee-keer doop" standpunt is die doop in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees volgens die Skrifgetuienis nie die bekeringsdoop nie. Dit is wat hulle eintlik ook in hulle harte glo.

Kyk wat het hulle onder aanvoering van prof. Adrio König op die laaste algemene sinode voorgestel “ Om pastorale redes laat die sinode die moontlikheid oop dat kerkrade in buitengewone gevalle ŉ bekeringsdoop mag bedien, met die duidelike verstandhouding dat dit aan die persoon en die gemeente verduidelik word dat dit nie ŉ herhaling van die Christelike doop is( wat in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoen word) nie, maar ŉ doop waarmee die persoon wat gedoop word getuig van sy/haar antwoord op die genade van God.”

Die algemene sinode het hierdie standpunt nie aanvaar nie, anders as wat oor die hele land in die “twee-keer doop” kringe geglo word.

7.**<u>Die regte geloofsoortuiging wat nie gesê word nie</u>**.

Daar is nie Skrifgegewens vir ŉ verbondsdoop naas die bekeringsdoop nie. Dit is die regte oortuiging van mense wat in ŉ “twee-keer doop” glo. Johannes die Doper se doop was die bekeringsdoop, nie die verbondsdoop nie; Jesus se eie doop was ook nie die verbondsdoop nie. Jesus self het nie mense gedoop nie, so Hy kon nie die verbondsdoop gedoop het nie, die dissipels was met Johannes se bekeringsdoop gedoop, nie met ŉ verbondsdoop nie.

Nou waar kom die verbondsdoop dan nou in die Skrif voor?

Dit bring ons by die regte oortuiging van hierdie mense – daar is nie regtig enige plek in die Bybel volgens hulle waar daar ŉ verbondsdoop is nie. Die verbondsdoop is net die doop wat die kerk ingestel het waarvoor daar nie regtig gronde in die Bybel is nie.

Mense wat hulle met ŉ bekeringsdoop binne die Gereformeerde kerke wil laat doop kom met hierdie geestelik houding na die kerk toe, naamlik: julle verbondsdoop is nie vir ons skriftuurlik nie. Dis net julle teologie en belydenisse waarvoor daar nie duidelike Skrifgronde is nie wat julle so laat dink.

Ons wil ons binne in julle gemeentes met ŉ ander doop laat doop, terwyl julle maar in julle onskriftuurlike doop bly glo volgens julle teologie. Ons sal julle binne julle eie kerk verdra. As julle ons nie toelaat om dit só in julle kerke te doen nie is julle onsensitief, onpastoraal en liefdeloos

Dink enige iemand vir enige oomblik dat hierdie mense só glo: volgens die Bybel is daar twee soorte dope wat elke Christen moet ondergaan, maar die wat net een doop het, is net so reg soos die wat twee het?

Die “twee-keer doop, maar nie oordoop nie” standpunt is niks anders as die herdoop standpunt nie. Dit is ŉ standpunt waar die doop waarmee die Gereformeerde kerke doop nie aanvaar word nie, maar die herdoop binne die kerk wat dit verwerp ingedwing word met ŉ gemaakte houding dat daar twee soorte dope is.

Die chaos en innerlike teenstrydigheid wat hierdie “twee-keer doop” standpunt veroorsaak binne die Bybel wys op die valsheid daarvan.

ds. PJ Kriel